# Lesing 86 - 14 Junie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 108 - Woord aan Daniel Grobbelaar op 02/10/19; 10H00

"Skryf vir MY die Woorde van MY LIEFDE in hierdie oggend van die nuwe môre. Skryf en wees gehoorsaam in jou taak op hierdie aarde. MY Volk moet jy waarsku deur die Woord wat EK, JAHWEH van die Leërskare in jou hart openbaar deur die Barmhartigheid van MY. EK het julle lief! **Waarsku MY Volk van die Suide!** Waarsku hulle in hierdie uur en sê aan hulle dat MY Grimmigheid is vol en MY Toorn rys al hoër as die berge! Waarsku MY Volk aan die einde van hierdie tye. Waarsku hulle dat alle duister gedagtes, woorde en dade aan die lig sal kom en hulle hardnekkigheid hulle sal lei na ondergang en die dood. Sê aan hulle, MY kosbare Volk, dat hulle die Woorde van MY moet in ag neem en oordink. Baie van hulle lees net MY Woorde, maar dit kom nie tot lewe in hulle siele en lewens nie. Waarsku hulle, MY kneg! Daar is al soveel skade in hierdie wêreld aangerig deur die dwase handeling van die mens. Hulle is vernietigend en het geen respek vir MY of vir MY Skepping nie. Al wat die mensdom hulle mee besig hou is die gejaag na die rykdom van mammon.

Het EK julle nie gewaarsku deur MY vele profete en boodskappers nie? Het EK julle nie getoon op die komende duister tye van die einde nie? EK het julle laat verstaan oor die tekens wat die groot Dag sal voorafgaan, maar net soos in die tye van Noag het julle geen ag geslaan op MY Woord nie. Daar is wel diegene in MY volk wat ag geslaan het op MY Waarskuwinge en Woorde. **Hulle sal die Beloning van die Nuwe Ewige Lewe verkry omdat hulle MY in MY Woord, LEWEND gesien en ervaar het**. Aan hulle wat MY Woord met Erns en nederigheid opneem, en daaruit voortvloeiend gaan hulle en DOEN MY Woord, aan hulle **sal EK MY Skatte van Geestelike Waarhede en Rykdomme skenk wat ewig lewend is in MY**! Aan hulle, wat ag slaan op MY Vermaninge deur MY profete, sal EK MY Gees van Waarheid stuur en Sy sal hulle vertroos en hulle verder inlei in die **Diepste dieptes en die Hoogste hoogtes van MY verborge geestelike skatte en rykdomme.**

MY Rykdomme is Ewig, lewegewend en dra die getuienis van MY, EK IS WAT EK IS! MY Rykdomme voed en verkwik MY kinders en **gee aan hulle nuwe krag** om MY Gewyde Wil te kan uitvoer. MY Rykdomme skenk EK uit MY VADERHART, vir julle wat MY gehoorsaam en ag slaan op die Erns van hierdie tye en die tye wat kom. Vir hulle wat MY wil volg sal EK MY Barmhartigheidsgawes skenk en hulle Geloof sal in MY en MY alleen wees. Soos EK gesê en julle gewaarsku het: Vertrou en reken nie op die mens nie, vertrou alleenlik NET op MY, die Skepper van die Ewighede der Ewighede en die Wegbereider van die Horisonne der Horisonne! EK wil hê dat julle, MY Volk van Ons Verbond, moet dieper begin kyk in die gees en MY toelaat dat EK julle na hoër hoogtes lei. Wanneer julle byvoorbeeld kyk na 'n blaar op 'n boom, die blaar pluk en in julle hande hou, en die blaar besigtig, kyk bietjie nader... Kyk nader, dieper en bekyk hierdie blaar vanuit alle perspektiewe en dieptes. Kyk dan verby die blaar se buite membraan en kyk dieper en binne-in die blaar. Sien die lewensappe en voedingstowwe binne die lewensare van die blaar. Kyk nog verder en dieper en sien die lewende bakterieë en molekules binne-in hierdie sappe en vleis van die blaar. Maar kyk nog dieper binne-in die molekules en gaan nog verder en verder en verder...

Sien die verbindings tussen atome en substansies, sien hoe alles met mekaar kommunikeer en in harmonie saamwerk ter oorlewing en groei van die blaar. Kyk nog dieper en julle sal lewende liggees-partikels waarneem wat lewenskrag uitstraal en vervoer. Kyk nog dieper en sien die werking van die klein geesteswerkers wat hierdie prosesse in stand hou en bevorder volgens die siklus van die aardse lewe.

Kyk dieper en sien binne-in... MY Lewenskiem... MY Gees, 'n druppeltjie van MY Oergees van LIEFDE, LIG, LEWE wat nie slaap en sluimer nie, maar die Lewe vanuit MY bevorder volgens MY Wysheidswil. Ontdek dan hoe MY Gees te werk gaan in die geestelike realm en sien die Groot Skeppings wat EK teweegbring, EK en MY Wysheid! Sien hoe baie LEWE daar is en aanskou die Harmonie van Lig, Hitte, Water en Vuur!

Kyk en sien hoe hierdie LEWE begin groei en in alle rigtings uitwaarts groei en nog meer Skeppings en Lewe voortbring. Sien hoe in alles wat EK geskape het, dat dit die GETUIENIS VAN MY EWIGE LIEFDE en Plan van Verlossing dra. Gaan terug na die materiële realm en sien weer net die blaar wat jy in jou hand hou. Kyk, en sien... Wat let julle op? Baie van julle sien net die blaar, trap op hom, gooi dit weg of loop net verby sonder om ag te slaan daarop.

Netso is dit met MY Woord wat EK aan julle gee deur die Skrif en deur vele van MY profete en boodskappers wat EK uitverkies het om MY Woord aan julle te spreek! Oordink die gelykenis van die blaar wanneer julle enige van MY Woorde lees. Dit is nie MY Wil dat julle net MY Woorde lees en dit dan eenkant los en vergeet nie. Want dit gaan verby en sonder dat julle dit besef, kan hierdie Woorde dan nie in julle LEWE bring nie.

MY Woord is vir julle voordelig in die Weg na MY. MY Woord voed julle, waarsku julle, vermaan julle, vertroos julle en lei julle ook tot dieper geestelike Waarhede. Dit is MY LIEFDE vir julle dat MY Woord tot julle neerdaal vanuit MY Vaderhart. Want watter pa op aarde wat die Liefde ken, sal sy kinders alleen los dat hulle die weg alleen moet aandurf? EK SPREEK, WANT EK LEWE!! EK IS LEWE, EK IS WAT EK IS! Oordink MY Gebooie en Woorde. Neem dit in en laat dit in julle

siele en harte ontkiem. Laat toe dat MY Lewenskiem in die Aarde, Bome en Plante van julle siele binnedring en NUWE Krag en Lewe tot stand bring in julle lewens. Julle is geskape deur MY, om te LEWE. Dit is nooit MY Wil dat julle verlore sal gaan in die dood nie. Dit is waarom EK aanhoudend tot julle spreek. Bespot nie MY Woorde en neem MY nie ligtelik op nie. Berei julle lewens en siele en harte voor deur MY Woord te gehoorsaam met ERNS, VROLIKHEID en LIEFDE. Deur dit te doen, sal julle nie vasgevang word in die Storms van MY Grimmigheid wat oor MY Suid-Afrika en die hele wêreld sal losbars nie. MY Geloftevolk van die Suide is MY Eiendomsvolk en vanuit haar het EK gespreek en vermaan en gevoed. Maar ook vanuit die ander stamme van MY Huis van Israel het EK gespreek. **Vanuit MY Dogter van Sion het MY Nuwe Lewe in die Nuwe Openbaring uitgegaan na julle, MY Geloftevolk en MY Huis van Israel.** Neem MY LEWE in ag!